PROJEK 8 HOE OM 'N WINDKEER-STROOK AAN 'N DEUR VAS TE SIT

JY BENODIG

'n hout-windkeerstrook, potlood, houtsaag, waterpas, koordlose boor, houtboorpunt, houtskroewe van regte lengte, kouelym, skuurpapier, vernis of emaljeverf

STAP 1

Hou die windkeerstrook teen die houtdeur om te bepaal waar dit afgesaag moet word sodat dit op jou spesifieke deur pas. Jy moet die lengte meet terwyl die deur toe is en in die deurraam pas. Maak 'n merk op die windkeerstrook en saag die oortollige stukkie af.

STAP 2

Hou die strook in posisie op die deur. Boor gaatjies met jou koordlose boor en houtboorpunte terwyl jy met 'n waterpas seker maak die windkeerstrook lê netjies horisontaal.

STAP 3

Skuur die vernis aan die onderkant van die deur (waar die hout vasgeskroef gaan word) liggies met skuurpapier sodat die kouelym 'n goeie hegplek kan kry. Skuur ook die keerstrook glad. Smeer genoeg kouelym op die keerstrook en plak dit teen die deur. Draai skroewe met 'n skroewedraaier deur die plank aan die deur vas. Maak seker jy het die regte lengte houtskroewe sodat dit minstens 15 mm in die deur ingeskroef kan word. Verf of vernis die keerstrook.

Gestreepte deurmatjie R130, gieter **R99, albei @home.**